Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, November 21, 2021

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Lewende testament: Sterf met waardigheid

## Maak seker familie, 'n vriend of dokter weet daarvan

Ek kyk vandag na die sogenaamde lewende testament.

Ek fokus veral op die doel van so 'n testament, maar ook op die ooreenkomste en verskille wat dit het met wat ons ken as 'n tradisionele testament.

Ek doen dit aan die hand van 'n aanbieding deur dr. James Faber, lektor in erfreg en boedeladministrasie in die departement privaatreg aan die Universiteit van die Vrystaat op die jaarlikse konferensie van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa) in Sandton die afgelope week.

Laat ek dit asseblief net duidelik stel: Nie alles wat volg moet op sy brood gesmeer word nie. Ek staan in, soos met al my rubrieke, vir wat ek hier skryf.

### Wat is 'n 'lewende testament'?

Dit is 'n dokument wat jy opstel wat sal bepaal wat moet gebeur wanneer jy in 'n lewensbeëindigende situasie beland en jy nie daartoe in staat is om besluite te neem nie (my definisie). Kortom, jy gee byvoorbeeld aan dokters opdrag om nie jou lewe te probeer verleng as daar geen hoop meer op lewe is nie. Dit kan ook ander wense bevat.

Ek dink die eintlike doel met 'n lewende testament is dat 'n mens kies om met waardigheid te sterf en nie onnodig aan die lewe gehou word wanneer daar geen hoop op herstel is nie. Dit val dus ook binne die domein van genadedood.

Soos met jou tradisionele testament, waarin jy vooraf bepaal hoe jou bates verdeel sal word ná jou dood, is die lewende testament 'n dokument waarin jy aanwysings gee oor hoe daar opgetree moet word voor jou dood, maar in afwagting van jou dood.

In die mediese beroep word dit, moreel gesien, reeds grootliks aanvaar, maar dit het nog geen regskrag nie.

Uit 'n regsoogpunt is dit dus (nog) nie afdwingbaar nie, hoewel daar 'n mening is dat 'n dokter wat die aanwysigings of wense in 'n lewende testament verontagsaam, hom of haar aan aanranding skuldig kan maak.

### Weiering van mediese behandeling

Faber het gewys op twee vorms wat so 'n vooraf-aanwysing kan aanneem.

Eerstens die lewende testament, wat in Faber se nou beskrywing as hooffokus het om mediese behandeling te weier (om kunsmatig aan die lewe gehou te word). En dan die breër siening dat dit ook verdere aanwysings insluit oor byvoorbeeld aktiewe sorg, die skenking van organe en meer.

En dan is daar die volmag, waarin jy aan 'n vertroueling die volmag gee om namens jou te besluit.

Oor die volmag gaan nog baie regsredenasies volg, want volgens aanvaarde reg verval 'n volmag die oomblik as die persoon wat die volmag gegee het, self nie meer regsbevoeg is nie.

Baie prokureurs is egter reeds besig om binne die raamwerk van 'n (tradisionele) testament sulke volmag- lewende testamente op te stel. Byvoorbeeld om twee getuies te laat teken.

Hoe dit gaan staan in 'n hof sal ons nog moet sien, maar dit is vir my duidelik dat die lewende testament as 'n regsgeldige dokument reeds sy pad begin stap het.

### Wat is die vereistes nou?

Die mees logiese een sou sekerlik wees dat jy geestelik bevoeg sal wees om so 'n dokument op te stel - dieselfde as met jou tradisionele testament.

Jy moet dus weet wat jy doen en die gevolge daarvan verstaan.

Dit moet onderteken wees. En ek wil my skaar by diegene wat die aanwysings in die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) volg.

Onderteken jou lewende testament voor twee getuies wat dieselfde tyd teenwoordig is en die dokument as getuies onderteken.

Ek meen dit sal meer regswaardigheid, as dan nie regsgeldigheid nie, daaraan verleen.

Die voordeel hiervan is natuurlik ook dat daar getuies is wanneer jy by daardie punt in jou lewe kom wat nie net kan getuig van jou wense nie, maar ook sal weet van jou wense.

'n Lewende testament het net betekenis as jy nog leef. Iemand moet dus weet van die bestaan van so 'n dokument voordat dit te laat is.

Dit help dus nie jy skryf in jou testament wat moet gebeur as jy byvoorbeeld in 'n ongeluk so beseer is dat daar nie hoop op lewe is anders as om jou kunsmatig aan die lewe te hou nie.

Jou (tradisionele) testament sal eers gelees word ná jou dood. Soms 'n hele ruk ná jou dood.

Dit volg dus dat jou lewende testament op 'n plek gebêre sal word waar dit maklik gekry kan word.

Maar ook dat daar genoeg mense is wat daarvan sal weet. Jou kinders, byvoorbeeld. Of 'n vriend. Dink aan wie die persoon is wat eerste gekontak gaan word as jy in 'n ongeluk ernstig beseer is.

Dit sal ook goed wees as jou dokter daarvan weet, of selfs 'n oorspronklike afskrif daarvan het sodat hy of sy vooraf weet wat jou wense is en nie in 'n oomblik van krisis voor 'n etiese en morele dilemma te staan kom nie.

Daar is kundiges wat jou kan help met die opstel van 'n lewende testament.

Maak van hulle gebruik; dit sal vir jou meer sekerheid bring.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.